# Jou eie afrolmasjien:

www.juffer.wordpress.com

Jy benodig:

- Gebruik 'n vlak bakplaat of -pan (± 19 x 29cm)
- Hektografiese ink (pers werk goed) en 'n vulpen of
- 'n Hektografiese potlood
- Sagte papier waarop oorspronklike werk geskryf of geteken kan word. ("Jotter"/Kladboekpapier)
- Jellie se bestanddele:
    - 340g gliserien
    - 70g gelatien
    - 1 teelepel suiker
    - Water (bitter min)

Jellieresep:

1. Maak die gelatien met 'n bietjie water aan, sodat die kleur daarvan net-net begin verander en die stollingsproses kan begin.
2. Plaas al die bestanddele in 'n dubbele kastrol en kook vir ongeveer twee uur totdat die beslag deurskynend is. Moenie roer nie.
3. Gooi die inhoud in die vlak bakplaat/-pan en sorg dat die oppervlak heeltemal glad is. Sorg dat die skuimerigheid in die kastrol agterbly.
4. Laat dit stol

Die proses:

1. Vul die vulpen met die ink of gebruik 'n hektografiese potlood om die teks te skryf of 'n skets te teken. Die pers ink sal groenerig en later swart word.
2. Knak 'n hoekie van die bladsy liggies om. Sodra die ink swart word, plaas 'n mens die bladsy onderstebo op die jellie en vryf 'n mens die lugborrels uit. Gebruik die sykant van 'n lang koeldrankglas of 'n liniaal.
3. Lig die papier na 20 sekondes op. Gebruik die gevoude hoekie sodat jou naels nie aan die jellie raak nie.
4. Nou sal die ink op die jellie vas sit en kan jy tot 40 afdrukke maak deur die skoon bladsy op die jellie glad te vryf. Hoe langer die kontak met die jellie, hoe duideliker sal die afdruk word.
5. Jy kan die jellie oornag laat staan, sodat die ink heeltemal intrek en die volgende dag iets anders afdruk. Andersins kan jy dit in die son of oond laat smelt en weer in die yskas plaas om te stol. As die jellie smelt en weer gestol het, sal dit gereed wees vir nuwe afdrukke.

Aangepaste resep: N Lawrence